OPSOMMING VAN DIE BELEID OOR ORGANISATORIESE PRESTASIEBESTUUR (OPM) VIR KOMMENTAAR

Die Stad se departement organisatoriese prestasiebestuur is besig met die bywerking van die beleid oor organisatoriese prestasiebestuur, wat in 2011 deur die Raad aangeneem is. Hierdie konsepweergawe weerspieël nuwe organisatoriese maturiteitsassesserings, wetgewende vereistes en strategiese skuiwe na 'n groter uitkomsgebaseerde en inwonergesentreerde prestasiebestuurstelsel en wat tegnologies gereed is. Die hersiene beleid bied 'n omvattende raamwerk vir prestasiebeplanning, -monitering, -hersiening, -evaluering, -verslagdoening en -ouditering oor alle Stadsdirektorate, -departemente en munisipale entiteite heen, asook vir individuele werknemers.

Waaroor gaan die konsepbeleid?

Die konsepbeleid het ten doel om toe te sien dat alle munisipale beplanning, bedrywighede en prestasiemonitering sinvol bydra tot die bereiking van gedefinieerde uitkomste soos dit in die Stad se geïntegreerde ontwikkelingsplan (IDP) gestel word. Die beleid rig die opstel van prestasieaanwysers, telkaarte, teikens en verslagdoeningsprosesse oor die organisasie heen, en verseker belyning tussen strategie, dienslewering en langtermynverbeterings in inwoners se lewensgehalte. Die idee is om die Stad se benadering tot prestasiebestuur van 'n histories nakomingsgedrewe en uitsetgefokuste meting na die monitering van meer sinvolle uitkomste en impakte te skuif. Dit sluit in sterker belyning oor direktorate heen (die sognaamde "goue draad"), beter transversale samewerking en die gebruik van digitale middele en paneelborde om naspeuring, verslagdoening en besluitneming rondom prestasie te verbeter.

Die konsepbeleid strook met nasionale wetgewende vereistes en bestepraktykbeginsels vir munisipale prestasiebestuur. Dit sit 'n gestruktureerde benadering tot die opstel en afwentel van insette, uitsette en uitkomsaanwysers deur die IDP, korporatiewe telkaart, direktoraats- en departementele dienslewerings-en-begrotingsimplementeringsplanne (SDBIP's), en individueleprestasie-ooreenkomste uiteen.

Die beleid moet om drie hoofredes bygewerk word:

- Om organisatoriese prestasiematuriteitsassesserings weer te gee asook die skuif na uitkoms- en impakgedrewe prestasiemeting, insluitende beter transversale samewerking en praktyke vir monitering-leer-evaluering.
- Om met bygewerkte wetgewing, nasionale regulasies, munisipale beplannings- en begrotingsraamwerke, en die IDP se strategiese prioriteite belyn te wees.
- Om tegnologiese vooruitgang, insluitende die digitale OPM-stelsel, vir databestuur, paneelborde, verslagdoening en ouditering te integreer.

Die konsepbeleid oor organisatoriese prestasiebestuur strook met nasionale en plaaslikeregeringswetgewing (insluitende die Wet op Munisipale Stelsels, die regulasies oor munisipale beplanning en prestasiebestuur, die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, asook met die Stad se IDP). Dit is in lyn met die Stad se IDP, die strategiese prioriteit vir bekwame en samewerkende regering, en die breër vereiste vir bewysgegronde besluitneming.

Oor die Stad se stelsel en raamwerk vir organisatoriese prestasiebestuur

Die Stad se OPM-stelsel is 'n omvattende, geïntegreerde raamwerk wat verseker dat prestasie stelselmatig beplan, gemonitor, hersien, geëvalueer, gerapporteer en geoudit word. Dit inkorporeer aanwysers vir uitkomste, uitsette en insette, en bring dit in lyn oor alle sfere van die organisasie heen deur 'n afwentelende prestasieargitektuur wat die IDP, korporatiewe telkaart, direktoraats- en departementele SDBIP's, C88-telkaarte en prestasieaanwyser-metingstate (PIMS) insluit.

Die stelsel bevorder deurlopende verbetering deur gestruktureerde verslagdoeningsiklusse (kwartaalliks, halfjaarliks en jaarliks), strategiese hersienings, evaluerings, en die insluiting van gemeenskapsinsette soos deur wetgewing vereis. Tegnologie speel 'n sentrale rol, met die digitale OPM-stelsel wat datainvordering, prestasiepaneelborde, geoutomatiseerde verslagdoening en verbeterde deursigtigheid ondersteun.

Sê jou sê!

Interne konsultasie met verskeie Stadslynfunksies het hierdie konsepbeleid help vorm en verbeter. Nou is dit jou beurt om jou sê te sê.

Kry toegang tot die dokument hier en by openbare biblioteke.

Kommentaartydperk: 11 Mei tot 11 Junie 2026
Stuur jou kommentaar per e-pos aan: performance.management@capetown.gov.za of
aanlyn: hyperlink

Vir algemene navrae, stuur 'n e-pos aan: performance.management@capetown.gov.za
Spesiale bystand sal verleen word aan diegene wat nie kan skryf of lees nie, diegene met gestremdhede en ander benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, sodat hulle insette of kommentaar aangeteken en aan die munisipaliteit voorgelê kan word.

Kontak Anthea Bendie by 021 400 1450 of anthea.bendie@capetown.gov.za.

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD